

19 Augustus

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 1:1-9

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 1:2 (1933/53-vertaling)

Ons behoort saam aan Jesus Christus

In hierdie gedeelte word die gemeente van God in Korinte as die geroepe heiliges in Jesus Christus aangespreek.

Wat beteken dit vir ons as gelowiges om “heilig” te wees in Jesus Christus? Om heilig te wees in die Bybelse gebruik, beteken dat jy vir God se gebruik uitgesonder is; om heilig te wees, beteken dat jy aan God behoort! Jy en ek is geroep om aan Christus te behoort. In die Grieks is daar nie ’n woord wat van Grieks sommer net direk met “behoort” vertaal word nie. ’n Woord wat in baie kontekste en sinne gebruik word, is “om te wees” of “om te bestaan”, en dikwels wys dit om iets of iemand te verteenwoordig.

Om heilig te wees, beteken dus om vir God uitgesonder te wees, om deur God geroep te wees en aan Hom te behoort; en om aan Hom te behoort, beteken dat ons God verteenwoordig.

Elkeen van ons wat in Christus aan God behoort, verteenwoordig Hom hier op aarde! Om God te verteenwoordig, beteken dat ons van Hom is, net soos ’n ouer getuig hierdie kind is myne, so getuig God dat elkeen van ons wat aan God behoort, sy kind is en van Hom is. So word hier vandag vir jou en my vertel: Jy is van My, jy is myne, jy behoort aan My! So kan jy ook getuig: Ek is syne, ek behoort aan die Here! Hoe wonderlik is dit nie, dat ons ten alle tye kan weet, en nadink en bely, ek behoort aan die Here!

So het die Here elkeen van ons persoonlik op ons naam geroep, om aan Hom te behoort, om van Hom te wees deur die bloed van sy Seun Jesus Christus, om sy wil hier op aarde te vervul. So geliefdes, dink elke dag daarvoor, daar waar jy werk of op skool is, dat God jou hierheen geroep het met ’n doel, om Hom daar in jou eie situasie te verteenwoordig.

Sing: Skrifberyming 18:1, 5

Teologiese Student EJ (Ernest) Vogt